

Van die lessenaar

In die hof met invoer, uitvoer en pekelwater

Teen die tyd dat julle dié lees sal die impak van die munisipale verkiesings bekend wees en hopelik goed verstaan word. Dit is duidelik dat ons land deur 'n periode van verandering gaan. Die pluimveebedryf is nie anders nie. Daar is 'n werklike bedreiging dat die braaikuikenbedryf oor die volgende ses maande tot 'n jaar geweldig gaan inkrimp. Die posisie is heel duidelik: sonder regeringsoptrede om die volumes van invoere aansienlik te verminder is daar geen kans op 'n stabiele plaaslike bedryf nie - wat nog te sê een wat groei.

Die onsekerheid rondom die Eierorganisasie duur voort, maar daar vlam 'n bietjie hoop met Charlotte wat meer produsente leer ken en ledetalle wat begin groei.

Dit is vir ons baie hartseer om julle mee te deel dat die bedryf een van sy ware entrepreneurs met die ontydige afsterwe van Arend Kuipers verloor het. Sy skoene sal moeilik wees om in sy eie maatskappye te vul, wat nog te sê in terme van die invloed wat hy op ons bedryf gehad het. Ons bied ons innige meegevoel aan sy familie, vriende en kollegas.

Pekelwater

Dit is bevestig dat die pekelwater-saak op 12 en 13 September aangehoor sal word. 'n Groep tussenkomende partye bestaande uit die Vereniging vir Vleis-invoerders en –uitvoerders (Amie), die Suid Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (SANCU), die Rooiveis Industrie Forum (RMIF) en twee produsente het by die aansoek aangesluit. Al die verweerders (buiten ons) moet hulle argumente teen 5 Augustus indien en ons het tot met 19 Augustus om hierop te antwoord. Die verskeie regsgeleerdes moet dan hulle betoë opstel vir die groot geveg wat voorlê. Ons sal terselfdertyd vir 'n interdik vra teen die regulasies wat deur die hof hersien word. Dit is onwaarskynlik dat 'n besluit voor 22 Oktober geneem sal word, so 'n interdik is nodig om die situasie in plek te hou totdat uitsluitsel oor die regulasies gevind is.

Buiten vir ons betwisting van die regulasies het 'n verdere probleem ontstaan omdat die DvLBV weier dat produkte wat voor die effektiewe datum (22 Oktober) gemaak is ná 22 Oktober verkoop mag word. Dit is heeëlmal onprakties en dui op 'n totale gebrek aan begrip vir die prosesse wat ons volg deur 'n paar amptenare in die DvLBV. Ons produseer elke week meer as R320 miljoen van die produkte wat die meeste geraak word en dié kan vir tot 'n jaar lank in die verspreidingsketting wees. Julle kan dink wat se finansiële verliese en vermorsing van voedsel sal plaasvind as dié dwaasheid nie reggestel word nie.

Namibiese Hofsaak

Soos te wagte het die regter in die Namibiese saak op 'n tegniese punt teen ons beslis en ons het by die Namibiese hooggeregshof appèl daarteen aangeteken. Ons het geen idee hoe lank dit gaan voortduur nie, maar soos die meeste van julle weet was Suid-Afrika nie ingenome met die onlangse besluit van Zimbabwe om Suid-Afrikaanse uitvoere na dié land te beperk nie. Suid-Afrika moet meer druk op ons regte plaas en ek is bly dat die Zimbabwiese aksie sterk deur die Departement van Handel en Nywerheid teengestaan is.

Eierorganisasie

Die Wêreldorganise vir Dieregesondheid het aangekondig dat hulle die jaar sal begin om welsynstandaarde vir laaghenne te ontwikkel. Die Internasionale Eierkommissie (IEC) het gevra dat

ek hulle verteenwoordiger op die werkgroep sal wees. Ek sal die eierprodusente van die wêreld, insluitende Suid-Afrika verteenwoordig, en sal die enigste produsente verteenwoordiger wees. Ek gaan beslis die hulp van die plaaslike produsente nodig hê om met die beste argumente vorendag te kom en hoop dat julle my hiermee sal bystaan. Ek hoop ook dat julle aktief betrokke sal wees by die hersiening van die SAPV se praktykskode wat nou plaasvind onder leiding van Alan Saunders.

Handel

Ons en heelwat ander partye het in Julie voorleggings aan Itac gedoen oor die beskerming van die Handel, Ontwikkeling en Samewerkingsooreenkoms (TDCA). Ons verwag dat Itac in Augustus 'n besluit sal neem en dit hopelik voor die einde van die maand per brief aan ons meedeel. Ons verwag dat ons onder die EU sal deurloop indien Itac in ons guns beslis. Snaaks dat hulle dink hulle het die reg om hulle oorskiet aan ons te verkoop teen ashoop-pryse en dat sulke afvalverkope die handel is wat die TDCA in gedagte gehad het. Ek het geen melding van afval in die ooreenkoms gesien nie.

Ons is besig met ons voorbereiding vir die betoog teen die Amie- teen ons, Itac en ander partye om die proses te betwis wat Itac in die oorsig volg. Ons dink nie die hersiening sal die tydlyn wat Itac volg beïnvloed nie. Ons dink ook nie die Amie-aansoek het veel kans om te slaag nie, maar dit is wel moontlik dat hulle in 'n stadium 'n groot wetlike deel van ons verskei aansoeke sal wen.

Ons het geld van die prokureurs vir Wiesenhof, die Duitse uitvoerder en produsent ontvang wat aangebied het om die kostes te delg toe hulle hul saak teen ons, die Suid-Afrikaanse regering en ander onttrek het in die teenstortingstariewe wat van krag is teen hulle.

Itac se tarief-oorsig duur voort en ons hoop dat dit voor die einde van die jaar voltooi sal wees. Dit is duidelik dat ons die werklikheid waarin ons onself bevind op so 'n manier aan Itac stel dat dit vir hulle sin maak omdat dié tariewe netjies deur die invoerders omseil is en byna geen effek gehad het nie.

Ons het begin om data in te vorder om die voortsetting van die Amerikaanse teenstortingstariewe te ondersteun, hoewel dit nog te vroeg is om te weet of die Amerikaners die keer met beter teenargumente vorendag gaan kom. Dit is interessant dat minder as die helfte van die verwagte Amerikaanse produkte Suid-Afrika bereik het na die AGOA-ooreenkoms. Ons kan net spekke oor die redes hiervoor, hoewel die kwaliteit van die produkte een hiervan kan wees.

Ons uitdaging teen verswakking in voedselveiligheid-protokolle duur voort. Die DvLBV moet ons vroeg in Augustus van hulle teenstand in kennis stel en ons ook van 'n verslag voorsien van hoe hulle die besluit geneem het. Dit sal interessant wees om te lees en te hersien.

Ons uitvoerdossier is nou in Saoedi-Arabië. Die volgende stap is om 'n reaksie van die Saoedi-owerhede te kry. Ek verwag dat daar nog 'n paar verandering sal wees voordat ons marktoegang verleen word soos ek verlede maand genoem het. Ons het nou die groen lig gekry om aan die UAE uit te voer, maar het in dié opgewondenheid 'n versoek gekry vir 'n gewysigde gesondheidsertifikaat. Dit gaan nie 'n eenvoudige proses wees nie.

DvLBV

Die DvLBV het ons besoek nadat die adjunkminister een van die lanbou-sterre van die jaar se plaas besoek het. Dit is die bekende Tumi Mokwene, wat dit baie duidelik gemaak het dat sy sukses as 'n jong boer in gevaar is weens die oorfloed invoere. Dit is iets wat net die regering kan regmaak – en die regering se begeerte om dit reg te maak moet groot genoeg wees sodat verandering kan plaasvind. In ruil vir ondersteuning van die regering af sal die bedryf ook moet saamwerk om dit meer insluitend te maak. Omdat ons hoop dat die meeste van julle dit in elk geval wil doen, sal so 'n versoek nie swaarkry bring nie. Die regering het genoeg middele in hulle gereeskapskas; hulle moet net diep grawe en dit meer dikwels en meer effektief begin gebruik.

Algemeen

Die SAPV het verlede maand voorleggings aan die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veekunde gedoen oor areas waar plaaslike kennis beter as buitelandse kennis sal wees. Daar is beslis ruimte vir plaaslike navorsing; ons het nou net fondse nodig om dit aan te dryf.

Ek en Agmat het die strategiese vergadering van AgriSA se bedryfskamer bygewoon. Hulle sukkel met die beste manier om een bedryfskamer vir SA te hê. Ons is van mening dat dit makliker vir boere wat deel is van AFASA, NAFU en die TLU sal wees om deel te wees van 'n bedryfskamer wat apart is van die hoof liggaam van AgriSA. AgriSA is met reg bekommerd oor die groot struktuursverandering met so 'n benadering. Dit is nie 'n maklike pad nie en ons wens hulle voorspoed toe met dié nuwe begin. Die SAPV sal voortgaan om enige aksies te ondersteun wat kan lei to 'n meer georganiseerde stem vir landboukommoditeite, maar ons lei nie die proses nie.

Ek het verlede maand 'n vergadering van die Mielietrust-loodskomitee bygewoon wat aandag gee aan soortgelyke sake – wat moet ons doen en wat is die beste manier om volhoubare verandering in die mieiebedryf teweeg te bring? Daar is verskeie antwoorde op die vrae en dit is dikwels teenstrydig. Dit het ook baie toewyding van die bedryf en die regering nodig om dit reg te kry. Nywerhede kla oor die algemeen dat die regering werkskepping en ekonomiese groei aan hulle oorlaat. Indien ons dit regtig glo dan moet die nywerhede ook transformasie lei. Ons kan nie selektief wees as ons die regering vertel dat ons die middele het om verandering en verbetering teweeg te bring nie.

Die SAPV het die terugvoer van AviAfrica af bespreek en ons is reeds besig met nuwe konsepte vir volgende jaar. Ons ondersoek ook die moontlikheid van 'n paar 'mini' AviAfricas op verskei plekke in die land om meer produsente toegang tot die produkte en die kennis te gee wat elke jaar by AviAfrica is.

Groete tot volgende maand

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte